I.M.S.
Vol. I, No. 67
MUNISIPALITEIT MUNICIPALITY
STELLENBOSCH

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
15 NOV 1965
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY

24th September, 1965.

## RESIGNATION OF DEPUTY MAYOR

It is with sincere regret that I have to announce the resignation of Clr. Dr. J. C. de Wet, as Deputy Mayor with effect from 15th September 1965. Dr. De Wet was Deputy Mayor during 1953/54 and again from 1963 to 1965. On the 7th September, 1965 he was unanimously re-elected for a further period. Dr. De Wet remains a member of the Council and Chairman of the Finance Committee, in which capacity he has rendered such excellent services to the Municipality.

I regret his resignation as Deputy Mayor very much personally and I shall gratefully remember the loyal manner in which he always assisted me.

## THE SWIMMING BATH SITE

The Council some time ago decided to set aside portion of the Bergzicht site for the purposes of a municipal swimming bath. Subsequently the whole question was reconsidered in the light of a suggestion that a portion of the area should be reserved for business purposes. The Council, however, turned down this proposal. Consideration was also given to the fears expressed that the siting of a swimming bath in this particular locality would, on account of the heavy traffic encountered, create many hazards, especially for children. Alternative sites were duly considered but the Council decided to adhere to the original scheme, mainly on account of the central situation of the Bergzicht site which makes it easily accessible to all parts of the town.

## EXHIBITION OF BOOKS ON BIRDWATCHING IN SOUTH AFRICA

An exhibition of books on the fascinating hobby of bird-watching and on birds generally is presently being held in the Public Library. Many residents have already had the pleasure of viewing it, but this is to serve as a reminder to those who have not yet taken the trouble, that the exhibition will still be open during the coming week.

Concurrently with this display of books, two lectures will be held which I am sure will be of interest to all bird lovers. They are to take place in the Annexe to the Faculty of Science building on Tuesday, 28th September at 7.30 p.m. Mr. R. K. Schmidt of the Cape Town Ornithological Society will explain the aims of the Society, while Dr. J. C. Nell will deliver an illustrated lecture on the owl.

---

1 Oktober 1965.

## DIE NUWE ONDERBURGEMEESTER

By die Raadsvergadering van 28 September 1965 is Rdl. C. W. Marais eenparig as onderburgemeester gekies in die plek van Rdl. prof. J. C. de Wet, wat onlangs bedank het. Rdl. Marais het in 1963 tot die Raad toegetree, maar het tevore reeds munisipale ondervinding as raadslid en ook as Burgemeester vir Brandfort gehad.

Graag wens ek hom geluk met sy verkiesing en verwelkom hom sowel as sy gade in hulle nuwe hoedanigheid. Ons ken hulle reeds as staatmakers en sien uit daarna om in die nakoming van ons talle verpligtinge met hulle saam te werk.

## BESOEK VAN DIE MOBIELE X-STRAAL EENHEID

Ons Gesondheidsdepartement wil dit graag algemeen bekend maak dat die X-straal eenheid van die Staatsgesondheidsdepartement Stellenbosch eersdaags sal besoek en wel vanaf 8 tot 29 Oktober 1965. Die eenheid sal in daardie tyd na besighede in die dorp gaan om veral persone wat voedselware hanteer, te ondersoek. Vir die algemene publiek van ons dorp is vier dae afgesonder, nl. vanaf Maandag, 25 Oktober tot

Donderdag, 28 Oktober, wanneer die eenheid op die parkeerterrein agter die Stadhuis sal staan vanaf 9 vm. tot 12.30 nm. en weer vanaf 2 nm. tot 4.30 nm. elke dag.

Ons wil 'n beroep op almal doen om van die diens wat gratis is, die volste gebruik te maak. Veral dink ons aan huisbediendes wat o.a. kinders oppas.

## WONINGS VIR ARBEIDERS

Dit word vandag algemeen besef dat plaaslike owerhede nie alleen verantwoordelik gehou kan word vir die verskaffing van huisvesting van mense wat self nie 'n eie huis kan besit of bekostig nie. Ook werkgewers het 'n verantwoordelikheid in hierdie verband en dit is in hulle eie belang om huise vir hulle arbeiders te verskaf. So 'n beleid werp goeie vrugte af want bestendige arbeid word daardeur verseker.

Sedert die inwerkingtreding van die Groepsgebiedewet was daar in hierdie verband egter 'n struikelblok deurdat blankes nie toegelaat is om in 'n verklaarde Kleurlingarea eiendom te besit nie. Hierdie moeilikheid is onlangs uit die weg geruim deurdat die Staat nou toelaat dat 'n blanke werkgewer grond in 'n Kleurlinggroepsgebied mag huur om huise vir sy werksmense op te rig.

Vir 30 jaar mag die werkgewer beheer oor die huise hê en sy eie mense daarin huisves, waarna die beskikkingsreg oor die huise, na die Munisipaliteit oorgaan.

Ek vestig graag die aandag van groot werkgewers in Stellenbosch op hierdie vergunning en wil hoop dat daar heelwat van hulle is wat daarvan gebruik sal maak. Belangstellendes word uitgenooi om die saak met die Stadsklerk te kom bespreek.

## BYDRAES TOT DIE OPENBARE BIBLIOTEEK

Die Raad is deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur in kennis gestel dat vanaf 1 Januarie 1966 Afdelingsrade verplig sal wees om 'n bydrae te maak tot die uitgawes van biblioteke wat aan die Provinsiale Biblioteekdiens behoort. Die basis waarop sodanige bydraes gemaak sal word, word noukeurig omskryf en hang grootliks af van die verhouding tussen die aantal stedelike en landelike lesers wat lede is van die biblioteek.

Sodra die Afdelingsraad begin om sy voorgeskrewe bydrae te maak, sal lesers van buite die dorp ook geregtig wees op die voordele van die vrye biblioteekdiens.

---

8th October, 1965.

**MR. A. H. CLUVER RETIRES**

It has come to our notice that Mr. A. H. Cluver recently retired after practising as an attorney in Stellenbosch for no less than 62 years. That must surely rank as a record which will not easily be surpassed or even equalled.

Mr. Cluver saw Stellenbosch grow from a quiet, dreamy little "dorp" to the bustling commercial and educational centre of today, which, despite all the progress, has succeeded in preserving some of its old time atmosphere. It is not generally known that he served as a municipal councillor for a short period from 1931—1933. In this field his late brother, Mr. Paul D. Cluver rendered most distinguished service, being a councillor from 1905 to 1931 and acting Mayor for 7 years from 1913 to 1920. We shall always remember him too as the founder and first President of the Cape Province Municipal Association.

We of a younger generation salute Mr. A. H. Cluver as a kindly person and a gentleman of whom we are justly proud. He served his town and community well and we trust that he will enjoy his retirement.

**STREET LIGTING IN PLEIN STREET**

The alterations to the street ligting in Plein Street have been completed and the Council has been complimented on the improvement. The street certainly creates the impression of much greater width since the poles in the middle have been removed. Some way will, however, have to be found to divide effectively the two streams of traffic, otherwise accidents may result. Suggestions by the public will be welcomed.

**BROCHURES ON EMERGENCY PLANNING**

Two brochures have just been issued by the Director of Emergency Planning and will in due course be delivered to each family in the Republic. The brochures contain informa-

tion on nuclear explosions, the dangers that accompany them, the practical steps that can be taken for self-protection and hints to householders for the prevention and fighting of fires.

Local authorities througout the Republic have given their wholehearted support to the Division of Emergency Planning which has been created by the Government and are working in close collaboration with it. We would like to advise and encourage the public to make a thorough study of the booklets which will arrive in due course. It would be folly to adopt an attitude of: "it will never happen here."

## SIMON VAN DER STEL'S BIRTHDAY

Some time ago plans were announced for suitable celebrations of the birthday of the founder of our town on the 14th October. Historical flags will be hoisted at the Town Hall and with the assistance of the business community it is hoped that Plein Street will be extensively decorated. A march past by the Paul Roos cadets is also planned while some of the historical buildings will be floodlit.

The Council has given its blessing to the celebrations and is bearing the major share of the expenses.

---

15 Oktober 1965.

## VERKEERSREëLINGS IN PLEINSTRAAT

Die publiek sal opgemerk het dat na die voltooiing van die verbeterings in Pleinstraat 'n sperstreep in die middel van die straat aangebring is asook strepe op die hoeke van die strate om voetgangeroorgange aan te dui. 'n Soortgelyke oorgang word ook in die vooruitsig gestel by die Stadhuisuitgang.

Die Raad het besluit om voorlopig niks meer as dit te doen nie. Etlike mense het reeds te kenne gegee dat 'n eiland in die middel gewens is vir die gerief van veral voetgangers wat die straat wil oorsteek. So 'n eiland om werklik doeltreffend te wees moet, volgens die verkeersdeskundiges, tenminste ses voet wyd wees en daardeur sou veel van die wydte van die huidige straat ingeboet word.

Om bevredigende verkeersreëlings in Pleinstraat te verseker — en daarby het ons ook die veiligheid van voetgangers in gedagte — het die Raad besluit om die volgende onder die aandag van die publiek te bring. Eerstens sal dit as 'n ernstige oortreding beskou word as motoriste op of oor die wit sperstreep ry wanneer hulle byvoorbeeld 'n ander motor verbysteek. Die Verkeersdepartement is aangesê om sodanige oortreders te vervolg. Tweedens wil ons voetgangers vra om die straat slegs by die oorgange wat vir hulle aangebring is te kruis. Ons wil veral voetgangers ontmoedig om skuins oor die straat te stap. Derdens wil ons 'n beroep op motoriste doen om die regte van voetgangers te eerbiedig en veral by voetgangersoorgange stadig te ry en selfs stil te hou om mense wat besig is om die straat te kruis in staat te stel om dit in veiligheid te doen.

**TUINVULLIS IN STRATE**

Huiseienaars sal weet dat van hulle verwag word om tuinvullis op hulle erwe byeen te bring op 'n plek wat maklik toeganklik is vir die werkers van die Munisipaliteit. Ongelukkig is daar nog steeds eienaars wat die vullis op die sypaadjies dump waar dit dikwels vir dae en oor naweke lê en aan ons dorp 'n onnette voorkoms gee. Vir die talle besoekers aan ons dorp moet dit beslis nie mooi wees om hierdie hope vullis orals te sien nie.

Laat ons asseblief almal saamwerk om 'n einde aan die ongewenste praktyk te maak.

**LEIBEURTE**

Vir algemene inligting wil ons graag sê dat die leiwater reeds weer beskikbaar gestel is en eienaars word beleef gevra om die water streng volgens die tydrooster te gebruik. Enige afwyking hiervan kan maklik tot onmin lei en dit wil ons seker almal vermy.

**KRAGONDERBREKING IN IDASVALLEI**

Dinsdagaand was daar 'n ernstige kragonderbreking wat 'n aantal inwoners in Idasvallei sonder enige elektriese krag vir sowat 18 uur gelaat het. Die onderbreking is veroorsaak

deurdat takke van bome wat munisipale arbeiders besig was om af te kap, op die kragdrade beland het. Die Elektrisiteitsafdeling het dit onmoontlik gevind om enige herstelwerk voor die volgende oggend te doen.

Ek is bewus van die ongerief wat die onderbreking aan talle mense veroorsaak het en wil hiermee, namens die Raad, my verskoning aanbied. Die werkers van die Munisipaliteit het opdrag om te verhoed dat soiets weer gebeur.

W. C. DEMPSEY.

---

PRO EC. 10/65—A1834